

Etiek van DNA-navorsing oor Menslike Oorblyfsels: Vyf Globale Toepaslike Riglyne

Songül Alpaslan-Roodenberg^{1,2}, David Anthony^{3,4}, Hiba Babiker⁵, Eszter Bánffy⁶, Thomas Booth⁷, Patricia Capone⁸, Arati Deshpande-Mukherjee⁹, Stefanie Eisenmann^{5,10}, Lars Fehren-Schmitz^{11,12}, Michael Frachetti¹³, Ricardo Fujita¹⁴, Catherine J. Frieman¹⁵, Qiaomei Fu¹⁶, Victoria Gibbon¹⁷, Wolfgang Haak⁵, Mateja Hajdinjak⁷, Kerstin P. Hofmann⁶, Brian Holguin¹⁸, Takeshi Inomata¹⁹, Hideaki Kanzawa-Kiriyama²⁰, William Keegan²¹, Janet Kelso¹⁰, Johannes Krause¹⁰, Ganesan Kumaresan²², Chapurukha Kusimba²³, Sibel Kusimba²³, Carles Lalueza-Fox²⁴, Bastien Llamas^{25,26}, Scott MacEachern²⁷, Swapan Mallick^{1,28,29}, Hirofumi Matsumura³⁰, Ana Y. Morales-Arce³¹, Giedre Motuzaite Matuzeviciute³², Veena Mushrif-Tripathy⁹, Nathan Nakatsuka¹, Rodrigo Nores³³, Christine Ogola³⁴, Mercedes Okumura³⁵, Nick Patterson^{4,29}, Ron Pinhasi², Samayamantri P.R. Prasad³⁶, Mary E. Prendergast³⁷, Jose Luis Punzo³⁸, David Reich^{1,4,28,29}, Rikai Sawafuji³⁹, Elizabeth Sawchuk^{40,41}, Stephan Schiffels^{5,10}, Jakob Sedig^{1,4}, Svetlana Shnaider⁴², Kendra Sirak^{1,4}, Pontus Skoglund⁷, Viviane Slon^{43,44}, Meradeth Snow⁴⁵, Marie Soressi⁴⁶, Matthew Spriggs^{15,47}, Philipp W. Stockhammer^{10,48}, Anna Szécsényi-Nagy⁴⁹, Kumarasamy Thangaraj^{36,50}, Vera Tiesler⁵¹, Ray Tobler^{23,25}, Chuan-Chao Wang^{52,53}, Christina Warinner^{10,54}, Surangi Yasawardene⁵⁵, Muhammad Zahir^{5,56}

Afrikaanse vertaling gedoen deur: Liesl Margo Arendse¹⁷ and Victoria Gibbon¹⁷

- 1: Department of Genetics, Harvard Medical School, Boston, MA, USA
- 2: Department of Evolutionary Anthropology, University of Vienna, Austria
- 3: Department of Anthropology, Hartwick College, Oneonta, NY, USA
- 4: Department of Human Evolutionary Biology, Harvard University, Cambridge, MA, USA
- 5: Max Planck Institute for the Science of Human History, Jena, Germany
- 6: Romano-Germanic Commission of the German Archaeological Institute, Frankfurt am Main, Germany
- 7: Francis Crick Institute, London, UK
- 8: Peabody Museum of Archaeology and Ethnology, Harvard University, MA, USA
- 9: Department of Ancient Indian History Culture and Archaeology, Deccan College Post Graduate and Research Institute, Pune, India
- 10: Max Planck Institute for Evolutionary Anthropology, Leipzig, Germany
- 11: Department of Anthropology, University of California, Santa Cruz, CA, USA
- 12: UCSC Genomics Institute, University of California, Santa Cruz, CA, USA
- 13: Department of Anthropology, Washington University in St. Louis, St. Louis, MO, USA
- 14: Centro de Genética y Biología Molecular, Facultad de Medicina, Universidad de San Martín de Porres, Lima, Peru
- 15: School of Archaeology and Anthropology, The Australian National University, Canberra, Australia
- 16: Key Laboratory of Vertebrate Evolution and Human Origins, Institute of Vertebrate Paleontology and Paleoanthropology, Center for Excellence in Life and Paleoenvironment, Chinese Academy of Sciences, Beijing, China
- 17: Division of Clinical Anatomy and Biological Anthropology, Department of Human Biology, University of Cape Town, Cape Town, South Africa
- 18: Department of Anthropology, University of California, Santa Barbara, CA, USA
- 19: School of Anthropology, University of Arizona, Tucson, AZ, USA
- 20: National Museum of Nature and Science, Ibaraki, Japan
- 21: Florida Museum of Natural History, Gainesville, FL, USA
- 22: Department of Genetics, School of Biological Sciences, Madurai Kamaraj University, Tamil Nadu, India
- 23: Department of Anthropology, University of South Florida, Tampa, FL, USA
- 24: Institute of Evolutionary Biology (CSIC-UPF), Barcelona, Spain

- 25: Australian Centre for Ancient DNA, School of Biological Sciences and The Environment Institute, University of Adelaide, Adelaide, SA, Australia
- 26: ARC Centre of Excellence for Australian Biodiversity and Heritage, University of Adelaide, Adelaide, SA 5005, Australia
- 27: Office of the Chancellors, Duke Kunshan University, Jiangsu, China
- 28: Howard Hughes Medical Institute, Boston, MA, USA
- 29: Broad Institute of MIT and Harvard, Cambridge, MA, USA
- 30: School of Health Science, Sapporo Medical University, Sapporo, Hokkaidō, Japan
- 31: Institute of Ecology and Evolution, University of Bern, Bern, Switzerland
- 32: Lithuanian Institute of History and Department of Archaeology, History Faculty, Vilnius University, Vilnius, Lithuania
- 33: Departamento de Antropología, Facultad de Filosofía y Humanidades, Universidad Nacional de Córdoba, Instituto de Antropología de Córdoba (IDACOR), CONICET, Córdoba, Argentina
- 34: Earth Sciences Department, National Museums of Kenya, Nairobi, Kenya
- 35: Department of Genetics and Evolutionary Biology, University of São Paulo, São Paulo, Brazil
- 36: DBT-Centre for DNA Fingerprinting and Diagnostics, Hyderabad, India
- 37: Department of Anthropology, Rice University, Houston, TX, USA
- 38: Instituto Nacional de Antropología e Historia, Michoacán, Mexico
- 39: School of Advanced Sciences, The Graduate University for Advanced Studies (SOKENDAI), Hayama, Kanagawa, Japan
- 40: Department of Anthropology, University of Alberta, Edmonton, Alberta, Canada
- 41: Department of Anthropology, Stony Brook University, Stony Brook, NY, USA
- 42: ArchaeoZOOlogy in Siberia and Central Asia – ZooSCAn, CNRS – IAET SB RAS International Research Laboratory, Novosibirsk, Russia
- 43: Department of Anatomy and Anthropology and Department of Human Molecular Genetics and Biochemistry, Sackler Faculty of Medicine, Tel Aviv University, Tel Aviv, Israel
- 44: The Dan David Center for Human Evolution and Biohistory Research, Tel Aviv University, Tel Aviv, Israel
- 45: Anthropology Department, University of Montana, Missoula, MO, USA
- 46: Faculty of Archaeology, Leiden University, Leiden, Netherlands
- 47: Vanuatu Cultural Centre, Port Vila, Vanuatu
- 48: Institute for Pre- and Protohistoric Archaeology and Archaeology of the Roman Provinces, Ludwig Maximilian University, Munich, Germany
- 49: Institute of Archaeogenomics, Research Centre for the Humanities, Eötvös Loránd Research Network, Budapest, Hungary
- 50: CSIR-Centre for Cellular and Molecular Biology, Hyderabad, India
- 51: School of Anthropological Sciences, Universidad Autónoma de Yucatán, Mérida, Mexico
- 52: Department of Anthropology and Ethnology, Institute of Anthropology, School of Sociology and Anthropology, and State Key Laboratory of Cellular Stress Biology, School of Life Sciences, Xiamen University, Xiamen, China
- 53: School of Basic Medical Sciences, Zhejiang University School of Medicine, and Institute of Asian Civilizations, Zhejiang University, Hangzhou, China
- 54: Department of Anthropology, Harvard University, Cambridge, MA, USA
- 55: Department of Anatomy, University of Sri Jayewardenepura, Nugegoda, Sri Lanka
- 56: Department of Archaeology, Hazara University, Mansehra, Pakistan

Aan wie korrespondentie gerig moet word: Lars Fehren-Schmitz (lfehrens@ucsc.edu), Victoria Gibbon (victoria.gibbon@uct.ac.za), Mary Prendergast (mary@rice.edu), David Reich (reich@genetics.med.harvard.edu), Jakob Sedig (Jakob_Sedig@hms.harvard.edu), Kendra Sirak (Kendra_Sirak@hms.harvard.edu), Philipp Stockhammer (philipp.stockhammer@lmu.de)

Voorwoord

Ons is 'n groep argeoloë, antropoloë, kurators en genetici uiteenlopende wêreld gemeenskappe en verteenwoordig wat 31 lande. Ons almal in November 2020 ontmoet het in 'n virtuele werkswinkel wat toegewy was aan etiek in antieke deoksiribonukleïensuur (DNS)-navorsing. Daar was 'n algemene ooreenkoms dat etiese riglyne wat wêreldwyd van toepassing is, benodig word, maar dat onlangse aanbevelings wat gebaseer is op besprekings omtrent die navorsing van menslike oorskot uit Noord-Amerika, nie altyd wêreldwyd veralgemeen kan word nie. Met die inagneming van verskillende kontekste, stel ons die volgende riglyne, wat wêreldwyd toepaslik is, voor. Dit is van mening dat: 1) navorsers moet verseker dat alle voorskrifte gevolg was op die plekke waar hulle gewerk het en waaruit die menslike oorskot ontstaan het; 2) navorsers moet 'n gedetailleerde plan opstel voordat 'n studie begin word; 3) navorsers moet skade aan menslike oorskot tot die minimum beperk; 4) navorsers moet verseker dat data na publikasie beskikbaar gestel word om kritiese herondersoek van wetenskaplike bevindings moontlik te maak; en 5) navorsers moet vanaf die begin van 'n studie met ander belanghebbendes in gesprek tree, en respek en sensitiwiteit vir belanghebbendes se perspektiewe verseker. Ons pleeg onself tot die nakoming van hierdie riglyne en verwag dat dit in die toekoms 'n hoë etiese standaard sal bevorder.

Inleiding

Die ontleding van antieke menslike genome het na vore getree as 'n kragtige benadering vir die ondersoek na die verhoudings tussen mense wat in die verlede geleef het, en die verhoudings van mense van die verlede met mense wat vandag leef. 'n Konsekwente tema is dat mense op 'n gegewe plek oor tyd heen gewoonlik daar is as gevolg van 'n lang geskiedenis van mobiliteit en interaksie. Oor die afgelope dekade het antieke DNS nuwe bewyse gelewer - wat bykomend was uit ander dissiplines - om mites oor die 'suiwerheid' van enige bevolking te weerlê en rassistiese en nasionalistiese vertellings te vervals. Terwyl sommige gepoog het om genetica te misbruik as 'n instrument om groepsbehooring te bepaal, is dit na ons mening onvanpas dat genetiese data as 'n arbiter van identiteit gebruik kan word¹.

Die vinnige toename in gepubliseerde genoom wye data van antieke mense - van niemand in 2009 nie tot meer as sesduisend individue vandag - het gepaard gegaan met toenemende besprekings oor hoe om antieke DNS-navorsing eties uit te voer²⁻¹⁶, wat voortgebou is op vroeëre gesprekke¹⁷⁻

²⁴. Die etiek van DNS-navorsing is veral dringend vanweë die vinnige groei van die wetenskaplike veld, die sosiale en politieke impak van die bestudering van menslike afkoms, en die feit dat antieke DNS-werk eens lewende mense ontleed en dus gerespekteer moet word.

Institusionele of regerings riglyne vir die verkryging van toestemming om antieke individue te ontleed, wissel en verseker nie altyd etiese en betrokke navorsing nie. Navorsers is verplig om aan 'n hoër standaard te voldoen as wat sommige beheerliggame mag vereis, maar daar is geen konsensus oor wat dit behels nie^{11,25-27}. In toenemende mate bevat antieke DNS-publikasies stellings wat beskryf hoe die navorsingspan etiese kwessies²⁸⁻³⁸ aangespreek het, 'n verwikkeling wat ons ondersteun. Professionele organisasies begin ook om riglyne skriftelik te spesifiseer^{15,39}, en ten minste een finansiële toekenning is toegeken om hierdie kwessies te ondersoek in die konteks van navorsing van antieke Noord-Amerikaners⁴⁰. 'n Uitspraak oor etiek is veral ontbrekend deur 'n uiteenlopende internasionale en verteenwoordigende groep geleerdes wat besig is met antieke DNS-navorsing.

Ons het meer as 60 argeoloë, antropoloë, kurators en genetici van meer as 30 lande en uiteenlopende wêreld gemeenskappe byeengeroep vir 'n virtuele werkswinkel oor etiek vanaf 4-5 November 2020. Alle deelnemers was daartoe verbind om navorsing uit te voer met betrekking tot menslike DNS oorskot wat eties verantwoordelik is en sensitief is vir uiteenlopende perspektiewe van belanghebbendes (mense wat verband hou met 'n studie, insluitend afstammeling, dié wat verantwoordelik is vir die bestuur van menslike oorskot en navorsers). In hierdie publikasie bied ons gevalstudies uit 'n verskeidenheid wêreldwye kontekste aan om die omvang van kwessies rondom gemeenskaps- en inheemse groepsoorleg te illustreer, en te beklemtoon hoe die relevante kwessies wêreldwyd verskil. Ons bied dan riglyne aan vir DNS-navorsing oor menslike oorskot wat wêreldwyd van toepassing is (Raam 1).

Etiese betrokkenheid by gemeenskappe is konteksspesifiek

Baie van die literatuur oor etiese DNS-navorsing wat antieke individue behels, het op die Verenigde State van Amerika (VSA)^{3,4,13,15} gefokus. Hierdie besprekings het aanbevelings gelewer om betrokkenheid tussen navorsers en inheemse gemeenskappe te bevorder, opgesom in 'n Navorsingsriglyn wat deur die '*American Society of Human Genetics*' gepubliseer is, wat daarop dui dat alle antieke DNS-studies formele konsultasie moet behels, kulturele en etiese oorwegings

moet aanspreek, gemeenskappe moet betrek en kapasiteitsbou moet ondersteun, die ontwikkeling van planne vir verslagdoening en bestuur van data, en die ontwikkeling van planne vir langtermyn verantwoordelikheid en rentmeesterskap¹⁵.

Dit is van kritieke belang om inheemse perspektiewe te sentreer in streke met geskiedenis van setlaar koloniste, onteining van inheemse lande en artefakte, en die volhoudende ontkenning van inheemse gemeenskappe; om nie met gemeenskappe te konsulteer nie, kan in sulke kontekste skade berokken^{5,6}. In die VSA val alle antieke inheemse Amerikaanse oorskot wat in federale befondsde instellings gehou word, onder die wet van die '*Native American Graves Protection and Repatriation Act*' (NAGPRA), wat mandateer dat instellings die inheemse bevolking moet raadpleeg en die oorskot van die antieke individue sal oordra (kultureel identifiseerbaar of nie) aan hierdie inheemse groepe. In Australië probeer soortgelyke wette antieke menslike oorskot te repatrieer (in sommige gevalle tot 40 000 jaar oue antieke menslike oorskot)⁴¹ wat vanuit die Aboriginale en Torres Strait-eiland gemeenskappe verwyder is^{42,43}. As daar egter navorsing gedoen word op die oorblyfsels van antieke individue waar daar min (indien enige) materiële of mondelinge verband is met hedendaagse groepe, of waar die bevordering van die idee dat sommige bevolkingsgroepe meer eienaarskap het van kulturele erfenis as ander en bydra tot sosiale konflik, is 'n inheemse gesentreerde etiese raamwerk wat vereis dat elke antieke individu met 'n kontemporêre groep verbind word, nie vanpas nie.

Regeringsinstellings is soms 'n effektiewe kanaal om inheemse perspektiewe voor te stel

In baie lande in die Amerikas is die inheemse erfenis ingebed in nasionale identiteit en geïntegreer in kulturele instellings van die regering. Na onafhanklikheid in Mexiko het '*mestisos*' (mense van gemengde afkoms), wat die groot meerderheid vorm, byvoorbeeld erfenisse van die Nahuatl (Asteke), Maya, Zapotec en ander inheemse groepe as 'n integrale deel van die nasionale identiteit aangeneem⁴⁴⁻⁴⁶. In Peru is die Ministerie van Kultuur geskep in die konteks van '*indigenismo*', 'n beweging met die doel om die inheemse kultuur te bevorder en diskriminasie te bekamp⁴⁷⁻⁴⁹. In sulke kontekste kan die proses om goedkeuring van die regering of erfenis organisasies vir die ontleding van menslike oorskot te verkry, 'n sterk vorm van betrokkenheid wees, en die aanneming van 'n Amerikaanse model kan teenproduktief wees. Outeurs van hierdie publikasie werkstuk het menige vorige ervaring met die skryf van referate oor antieke DNS uit Sentraal- en Suid-Amerika, wat dan resensies ontvang het dat die werk nie voldoen aan die standaard vir inheemse

betrokkenheid wat in die VSA ontwikkel is nie^{3,4}. Diegene van ons wat van Mexiko, Sentraal- en Suid-Amerika afkomstig is, het gevoel dat sulke resensies op sy beste paternalisties is en in die ergste geval kolonialisties was, veral omdat baie plekke die inheemse erfenis omhels het en dat dit in 'n groter mate in die goedkeurings prosesse van die regering en kulturele instellings ingebed het, as wat in die VSA gedoen is.

Daar is egter groot variasie in die aard van die verhoudings tussen regerings en inheemse gemeenskappe in die Amerikas, en navorsers moet van geval tot geval die benadering volg om te bepaal wanneer addisionele konsultasie nodig is. In Peru en Mexiko het groepe vir wie inheemse erfenis 'n belangrike deel van hul identiteit is, verskillende grade van verteenwoordiging in die regering. In Brasilië word inheemse gemeenskappe dikwels uitgesluit, en is daar geen wetlike meganisme vir inheemse groepe om 'n stem te hê in die lot van argeologiese materiaal wat met hul voorouers verband hou nie⁵⁰. In Argentinië word 'n wettige mandaat waar toestemming van die gemeenskap verkry moet word om 'n projek wat inheemse erfenis behels, nie altyd uitgevoer nie. In Guatemala bly die Maya's en ander inheemse groepe wat ongeveer die helfte van die bevolking uitmaak, gemarginaliseer. In sulke kontekste is dit die etiese verantwoordelikheid van lede van 'n antieke DNS-navorsingspan om bykomende uitreike uit te voer as wat verplig is om inheemse perspektiewe op te neem.

Globale verskille in die betekenis van indigeneïteit

Die betekenis van indigeneïteit wissel globaal. In Afrika is afstammeling van gekoloniseerde groepe nou oorweldigend aan die bewind, en indigeneïteit verwys dikwels meer na politieke of sosiale marginalisering op grond van identiteit as na tradisies van hoe lank groepe in 'n streek gestig is⁵¹. Baie Afrikaanse gemeenskappe het komplekse verbintenisse met die lande waarop hulle woon, insluitend geskiedenis van koloniale en postkoloniale verplasing en ontwrigting. In sommige streke herken mense nie die plaaslike bevolking as hul familieledes nie. Dit kan te wyte wees aan die feit dat hedendaagse godsdienstige of kulturele oortuiging sisteme anders is as die van vorige sisteme⁵², kollektiewe herinneringe aan migrasies van elders, vrees vir vergelding om met ander groepe verbind te word, en die voortdurende naskokke van besluite wat tydens die Europese kolonisasie geneem is wat sosio-politieke landskappe gebreek het, en dra steeds by tot geweld en verplasing. In hierdie situasies is deeglike konsultasie tussen belanghebbendes nodig, van plaaslike groepe tot regeringsverteenwoordigers, om te verseker dat die verkryging van

besluitnemings bevoegdhede oor kulturele erfenis nie sosiale konflik vererger nie. In sulke gevalle is die sentralisering van indigeneïteit as 'n beginsel vir die toelaat van antieke DNS-analise waarskynlik skadelik.

'n Meer dringende kwessie wat verband hou met antieke DNS-navorsing in Afrika (en in baie ander streke), is die konfrontering van die koloniale nalatenskap van menslike oorskot wat op onetiese maniere versamel is en dikwels na die buiteland gestuur was of nog steeds word^{53,54}. Navorsers moet met beide die kuratoriese instelling sowel as met geleerdes uit die land van herkoms saam werk om toestemming te verkry om die oorblyfsels van antieke individue te bestudeer en om deel te neem aan besprekings oor herkoms, historiese ongeregthede, repatriasie en restitusie as deel van hul werk⁵⁵⁻⁵⁸. 'n Verwante uitdaging is die geskiedenis van nie-billike en dikwels uitbuitende navorsing in Afrika deur oorwegend Europese en Noord-Amerikaanse wetenskaplikes, met 'n minimale plaaslike betrokkenheid²⁵⁻²⁷. Buitelandse navorsers moet voorkeur gee aan billike samewerking, insluitend opleiding en ander kapasiteitsbou wat belanghebbendes in staat stel om navorsingsvrae en navorsingsontwerpe te vorm⁵⁹.

Die klem op groep identiteit kan in sommige globale kontekste skade veroorsaak

Daar is baie plekke in die wêreld waar gesprekke oor wie inheems is, bygedra het tot xenofobiese en nasionalistiese vertellings. Die gebruik van inheemse identiteit om te bepaal wie antieke DNS-navorsing kan toelaat, kan skadelik wees in hierdie streke, aangesien dit kan bydra tot konflik tussen groepe en tot diskriminasie.

In Indië, byvoorbeeld, vermy baie mense om te vra oor kaste en godsdienstige agtergrond as gevolg van 'n lang geskiedenis van mishandeling op grond van groep identiteit, en diskriminasie op grond van kaste word inderdaad verbied. Die poging om vas te stel watter bevolkingsgroepe in moderne tye meer aanspraak het op antieke erfenis as ander, het nie net tot konflik bygedra nie, maar word ook in baie dele van Suid-Asië byna betekenisloos gemaak, omdat die groot meerderheid van die bevolking deesdae 'n mengsels is van dieselfde bevolkings wie se voorouers al duisende jare in die subkontinent gewoon het^{60,61}. Daar is egter gevalle waar dit duidelik is wie inheems is, soos op die Andaman-eilande⁶². Daar is amptelike prosedures in baie dele van Suid-Asië om kulturele erfenis te beskerm, en om binne hierdie raamwerk te werk, wat 'n belangrike meganisme is om gemeenskappe teen skade te beskerm.

In Wes-Eurasië het die voorstel dat groepe wat beweer dat plaaslike oorsprong 'n spesiale status moet hê, bygedra tot xenofobie en volksmoord. Nasionaliste wat die idee van 'bloed en grond' in die Nazi-tydperk bevorder het, het argeologiese navorsing verdraai om die beslaglegging op grond te legitimeer deur te beweer dat menslike geraamtes wat in Oos-Europa opgegrawe is, 'n 'Germaanse' morfologie het⁶³. Europese argeoloë het dekades lank gewerk aan die dekonstruksie van verhale wat aanspraak maak op eienaarskap van kulturele erfenis deur spesifieke groepe. Antieke DNS-etiek in 'n Wes-Eurasiëse konteks moet hierdie beweging volg waar die gebruik van self-geïdentifiseerde begrippe van voorouer verbindings met sekere plekke vermy word⁶³, terwyl dit terselfdertyd respek vir die perspektiewe van nasionale bevolkings minderhede wat onderworpe was aan diskriminasie, verseker. Die gevaar dat regeringsleiers verwysing maak na aanleiding van argeologiese en antieke DNS-navorsing om begunstigde narratiewe van groep identiteit te ondersteun, wat dan gebruik kan word om uitsluitings beleid te regverdig, is nie net teoreties nie, maar is 'n voortdurende probleem in sommige lande in Wes-Eurasië vandag, insluitend in Hongarye en Israel⁶⁵⁻⁶⁷.

Vyf globale toepaslike riglyne vir etiese antieke DNS-navorsing

Ons bied vyf riglyne aan om sterk etiese standaarde in antieke DNS-navorsing te bevorder wat van toepassing is op die omvang van die navorsing kontekste wat hierbo bespreek is, asook ander groot wêreldstreke wat ons nie bespreek het nie weens ruimte beperkings, waaronder Sentraal-Asië, Siberië, Oos-Asië, Suidoos Asië en Oseanië val (Raam 1). Ons begin met riglyne wat kwessies van wetenskaplike etiek aanspreek, en keer dan terug na die onderwerp om sensitiwiteit van navorsing te verseker vir die perspektiewe van gemeenskappe, insluitend inheemse groepe.

(1) Navorsers moet verseker dat alle voorskrifte gevolg was op die plekke waar hulle gewerk het en waaruit die menslike oorskot ontstaan het. Navorsers moet oorweeg of dit eties is om antieke DNS-navorsing uit te voer, gegewe die omgewing op die plek waar hulle menslike oorblyfsels bemonster. Nadat hulle by 'n projek betrokke word, moet navorsers alle plaaslike regulasies nakom. Alhoewel dit voor die hand liggend lyk, is die ervaring van sommige mede-outeurs dat antieke DNS-navorsers nie altyd alle ooreenkomste nagekom het nie. Dit kan byvoorbeeld nodig wees om verskeie toestemmings vlakke vir wetenskaplike ontleding of uitvoer van biologiese materiaal van institusionele, plaaslike, streeks- of nasionale instansies te verkry en om verslag te lewer aan instansies volgens die ooreengekome tydryne. Waar die plaaslike regulasies

onvoldoende is⁶⁸, moet navorsers voldoen aan 'n hoër standaard volgens die onderstaande beginsels.

(2) Navorsers moet 'n gedetailleerde plan opstel voordat 'n studie begin word. Dit moet 'n artikulasie van navorsingsvrae insluit; 'n beskrywing van die tegnieke wat gebruik gaan word en die verwagte impak op oorblyfsels (insluitend skelet elemente wat bestudeer gaan word en die kwantiteit wat gebruik gaan word); 'n beskrywing van die tipe DNS-data wat gegenereer sal word; enige plan vir materiaal deling met samewerkende laboratoriums; 'n tydlyn vir die terugkeer van ongebruikte materiaal en die deel van resultate; 'n plan vir hoe, waar en deur wie die resultate versprei sal word; 'n plan vir kapasiteitsbou of opleiding in instellings waar dit van waarde kan wees; en 'n plan vir die stoor en deel van data wat deur belanghebbendes ooreengekom is en voldoen aan die beginsels van oop data⁶⁹. Die plan moet die omvang van die navorsing definieer en die moontlike uitkomst eerlik kommunikeer, met inagneming dat die ontleding van genetiese data in onverwagte rigtings kan lei. So 'n plan skep 'n rekord van die beoogde navorsing waarna later verwys kan word indien daar 'n afwyking daarvan is. Aanpassings aan die studie ontwerp moet slegs geskied met die steun van diegene wat by die oorspronklike ooreenkoms betrokke was: navorsers moet erken dat wanneer hulle toestemming verleen word om die oorblyfsels van antieke individue te bestudeer, hulle die bestuurders word van die materiaal vir die doel waarvoor toestemming verkry is, maar dat 'eienaarskap' nie aan hulle oorgedra word nie⁷⁰. Dit is die verantwoordelikheid van die navorsers om hul plan te deel met diegene wat verantwoordelik is vir die menslike oorskot en ander groepe wie se perspektiewe weerspieël moet word; as sodanig moet dit op 'n manier geskryf word wat toeganklik is vir 'n nie-spesialis-gehoor. Indien toepaslik en ooreengekom met alle relevante partye, kan 'n pad na repatriasie van menslike oorskot wat buite hul gebied van oorsprong saamgestel is, in die navorsingsplan uiteengesit word.

(3) Navorsers moet skade aan menslike oorskot tot die minimum beperk. Dit is veral belangrik om die impak van navorsing op antropologiese versamelings te minimaliseer, gegewe die onlangse fokus op 'n enkele skelet element - die *petrous* been - wat dikwels baie meer menslike genetiese data oplewer as ander elemente⁷¹⁻⁷⁴. Navorsers moet 'n strategie ontwikkel deur oorlegpleging met ander belanghebbendes om hul kommer oor die beskerming van oorskot te balanseer met hul wetenskaplike analise. Navorsers moet nie menslike oorskot versamel sonder opleiding in beste praktyk tegnieke om skade te verminder nie, terwyl die opbrengs van bruikbare data gemaksimeer

word^{11,12,75-78}. Navorsers moet nie meer materiaal neem as wat nodig is om hul wetenskaplike vrae te kan beantwoord nie. Dokumentasie moet ook verskaf word aan diegene wat verantwoordelik is vir menslike oorskot wat opmerk wanneer monsterneming plaasgevind het, en moet negatiewe resultate rapporteer om herhaalde ontleding te voorkom wat gebruik maak van soortgelyke metodes van oorblyfsels met swak DNS-bewaring. Voor monsterneming begin moet morfologie gedokumenteer word deur hoë resolusie fotografie en bioargeologiese assessering. Vir baie antieke individue of diegene uit unieke kontekste, moet daar ten minste mikro-rekenaartomografie-skanderings (mikro—CT-skanderings) of afgietsels gemaak word, en daar moet bespreek word of ontleding van fauna- of nie-diagnostiese oorblyfsels eers moet plaasvind om die bewaring van DNS op 'n plek te evalueer.

Sodra monsterneming plaasgevind het, kan verantwoordelike behandeling van oorblyfsels ook bevorder word deur die deel van materiaal sowel as afgeleide molekulêre produkte soos DNS-ekstrakte en biblioteke, wat die behoefte aan bykomende monsterneming in latere studies verminder. Navorsers het die verantwoordelikheid om afgeleide molekulêre produkte vir die herhaling van studie te onderhou. Ons moedig navorsers ook aan om goedkeuring te soek vir die deel van bemonsterde menslike oorskot en afgeleide produkte tussen laboratoriums. Dit vergemaklik die herwaardering van die vrae wat in die oorspronklike studie behandel is, asook addisionele ontledings wat buite die omvang van die aanvanklike studie is, solank hierdie gebruike in ooreenstemming is met 'n goedgekeurde navorsingsplan.

(4) Navorsers moet seker maak dat data na publikasie beskikbaar gestel word om kritiese herondersoek van wetenskaplike bevindings moontlik te maak. Antieke DNS-data moet betyds gepubliseer word en daarna ten minste beskikbaar gestel word ten einde die resultate krities herwaardeer^{79,80}. Wetenskaplikes kan nie eties aan 'n studie deelneem as daar geen waarborg is dat data ten minste beskikbaar sal wees om die akkuraatheid van gepubliseerde bevindings te verifieer nie, en hierdie waarborg moet opgeneem word in die oorspronklike toestemmings vir die studie. Dit is belangrik om die verspreiding van verkeerde inligting te voorkom en om toekomstige ontledings moontlik te maak om dieselfde vrae te ondersoek.

Dit is die beste praktyk om data na publikasie volledig beskikbaar te stel, en feitlik alle antieke genomiese data is op hierdie manier gepubliseer in die volhoubare openbare data-bewaarplekke, wat 'n etiese sterkte van die veld was⁸¹. Behalwe dat dit bydra tot die bevordering van

wetenskaplike kennis, dra die beskikbaarstelling van data by tot verantwoordelike beheer van menslike oorskot, deurdat die vermoë om data te hergebruik die behoefte aan verdere steekproefneming verminder. Ons kan egter scenario's voorstel waarin gesprekke tussen belanghebbendes aan die lig bring dat dit eties sou wees om die maniere waarop antieke DNS-data hergebruik kan word, te beperk, soos wanneer verslagdoening van resultate uit sommige soorte ontledings belanghebbendes kan benadeel, wat swaarder kan weeg as die voordele van volledige oop data^{6,10,82}. In hierdie gevalle - wat geïdentifiseer moet word tydens 'n betrokkenheidsproses voor die aanvang van die studie - behoort die beperking van die verspreiding van data tot gekwalifiseerde navorsers wat instem om slegs die data te ontleed vir die herwaardering van die bevindinge van die studie, deel uit te maak van die aanvanklike navorsingsplan.

